# ELJADA HUIS MSW

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

*Eljada Huis, Standard Bank, Montana,*
*Marketlink spaar, 044396058, kode 01594500.*

21 Februarie 2013

Dagsê Almal

Ons gaan sit aan om te begin met ons bybellees en iemand trek aan my arm – "Ons moet dringend met Tannie praat" en 'n benoudheid en vrees is in albei se oë. Hul seun van 12 is nie skool toe nie en hulle weet nie waar hy is nie. Ek sê toe hulle moet dadelik gaan kyk of hulle hom kan kry. 'n Uur later is hulle terug met boeta wat by 'n ongure maatjie was. Hul lewens omstandighede is haglik. Al drie slaap in een kamer op een gewone dubbelbed en die res van die 3 slaapkamerhuis waar hul tydelik verblyf gekry het word deur nog 2 gesinne beset. Mense wat gekruide taal hul spreektaal maak, drankmisbruik en alles moontlik doen om dit vir hierdie gesinnetjie wat so graag weer hul lewe bymekaar wil maak en 'n pad met die Here wil stap regtig moeilik maak om daagliks voort te gaan. Mamma is op breekpunt want elke gesprek bring trane van moedeloosheid. Hopelik kan hulle oor 'n week in 'n ander – ook maar haglik – kamer intrek totdat hy genoeg bymekaar het om 'n deposito op 'n woonstel te kan betaal. Boeta het egter sy eie matras of bed DRINGEND nodig asseblief. Boeta is reeds deur trauma van molestering in sy lewe wat ook bydra tot 'n gevoel van moedeloosheid by hom en sy ouers want hul weet nie hoe om dit te verwerk nie. Sy skoolwerk lei erg daaronder en hy het behalwe traumaberading ook hulp nodig met sy skoolwerk. Ek benodig dringend mense wat op 'n gereelde basis vir my hiermee kan help. Al ons kinders werk hard maar het ekstra hulp nodig.

Die kinders veral is vir ons baie belangrik om by te staan want hul lewe lê nog voor en met jul hulp kan hierdie kinders weer hoop kry KOM HELP ASSEBLIEF.

Ons naaldwerkprojek groei byna weekliks met groter moontlikhede en die bouwerk wat nog gekniehalter word deur onvoldoende fondse is 'n BAIE GROOT NOOD. Ek het nou reeds 6 Bernina masjiene ontvang – 2 nuwe borduurmasjiene, 1 nuwe Quilt masjien, 1 nuwe omkapmasjien, 1 nuwe stikmasjien, 1 gebruikte klein borduurmasjien en dan is my eie Bernina stikmasjien en 'n industriële omkapmasjien ook nog hier. Die huis is baie woelig met die masjiene in aksie, want dit is werkskepping en die vroue geniet hierdie geleentheid terdeë maar omdat spasie 'n groot struikelblok is kan ons nie alles tegelykertyd doen nie. Ek vra dus dringend vir 'n geldelike inspuiting sodat ons die uitbreidings kan begin. Ons beplan behalwe die afdak voor die kombuisdeur vir die voertuie, ook 'n groot stoorruimte en 'n afdak

met ‘n lang tafel en stoele waar die mense kan gaan aansit om te eet, langs die bestaande buitekamer. Die buitekamer word omskep in ‘n waskamer want almal kom was hul wasgoed en dit versoorsaak ‘n groot bottelnek in die huis. Aan die westekant word ‘n vertrek vir die tuingereedskap/stoorruimte beplan en dan ‘n werkskamer vir die mans. Oom Sakkie wil die mans handvaardighede leer soos onder andere skoene herstel. Langs die vertrek wil ons ‘n groter ruimte skep om die berading te doen wat een van die belangrikste knelpunte van hierdie swaarkry mense se vooruitgang is. Baie mense glo dat swaarkrymense sleg is maar ek besef daagliks dat onkundigheid hierdie persepsie versterk. Byna elke vrou hier kom vanuit ‘n huis waar hul eie pa hulle misbruik het van 3/4 jarige ouderdom tot en met 11/12 jaar. Omdat hulle in baie gevalle nie ‘n huis of tuiste gehad het waar hulle beskermd grootgeword het nie, is sekuriteit iets waarvan hulle nog nooit gehoor het nie. Aldus waarom baie van hulle sommer swanger geraak het net om uit hul “omstandighede” weg te kom maar in die proses in erger omstandighede ge-eindig het. ‘n Bose kringloop waar geloof nie eens ter sprake was nie. Voor ons nie ‘n myl in hulle skoene gestap het kan ons nie besluit of hulle goed of sleg is en verdien om gehelp te word of nie. Ek kan julle verseker dat waarvoor ek vra met deeglike nadenke gepaard gaan en dat dit verdienstelik is.

Ons wil ook verder die bestaande lapa afbreek en ‘n groter ruimte vir bybelstudie skep. Ons wil graag die evangelisasiewerk baie ernstiger benader en ook die mense voorberei om dienswerk vir die Here te gaan doen.

Enige een wat betrokke wil raak met die bouwerk kan my gerus kontak. Baie dankie daarvoor.

My ***<u>NOODKREET</u>***: vars vleis, blikkies vis, boeliebeef, baked beans, sweetcorn, gemengde groente, soppoeier, pasta, soja vleis, rys, mieliemeel, koffie, tee, boksmelk, konfyt, grondboontjiebotter, stroop, bovril, margarien, koekmeel, suiker, aanmaakkoeldrank. Nogmaals dankie vir alles wat ons reeds ontvang het maar ook gaan kry.

Baie dankie vir die 15 borge wat ek ontvang het vir die susterssaamtrek. Ons sien verskriklik uit daarna en sal nou volgende week kyk na die beskikbare kleretjies om darem nie UIT te voel nie.

Almal in die Magalieskruin omgewing – onthou ons gaan by die Kollonade Retail Park wees op die 2de Maart in die parkeerarea waar die Shavaton ook is. Ons gaan van vroeg tot laat daar wees om produkte wat ons nog oor het van die vorige markdag te verkoop. Ons sien uit daarna om julle daar te ontvang.

Baie dankie by voorbaat.
Eljada Huis groete
Annatjie